KLK LANDBOU BEPERK / LIMITED
✉ Posbus / PO Box 86, Upington, 8800
Epos / e-mail: admin@klk.co.za
☎ 054-337 6200
🖷 054-332 4580

Registrasie / Registration: 1997/015589/06
Karakoelstraat 14 / Karakoel Street, Upington, 8801
Web: www.klk.co.za
🖷 086-550 0244

KLK Landbou Beperk
Reg.nr. 1997/015589/06

ONGEOUDITEERDE GROEPSRESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2024

OPSTELLINGSGRONDSLAG

Die rekeningkundige beleid wat gevolg is by die voorbereiding van die Ongeouditeerde tussentydse Groepsresultate is dieselfde as dit wat gegeld het, en beskryf is, in die Geouditeerde Finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024. Daar was geen verandering in beleid of interpretasie toegepas deur die Groep, sedert 1 Maart 2024, wat 'n wesenlike impak op die Groep se resultate of finansiële posisie het nie.

FINANSIËLE OORSIG

Die verdienste van R71,1 miljoen, vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2024, verteenwoordig ‘n verbetering teenoor die ooreenstemmende periode van die vorige jaar. Die wesensverdienste per aandeel vir die ses maande het vanaf 141 sent per aandeel tot 415 sent per aandeel gestyg.

Die hoër Groepsresultate word hoofsaaklik toegeskryf aan ‘n styging in die kontribusie van Carpe Diem Raisins en ‘n verbetering in die finansiële prestasie van die abattoirs as gevolg hoër slag getalle. Die Brandstofafdeling, die Handelsafdeling en SA Dorper (huide en velle) se resultate is laer as die vorige jaar. Die verwerking van huide by SA Dorper het bo verwagting presteer, maar die vraag na Dorper leer was beduidend laer tydens die afgelope 18 maande. Beide die Brandstof- en Handelsafdeling se prestasie het verswak as gevolg van meer gedempte verbruikersbesteding. Die handelsklimaat vir rosyne het vir die tydperk onder oorsig verbeter danksy ‘n meer gesonde balans tussen vraag en aanbod en ‘n verbetering in die logistieke dienslewering van Transnet. Die 2024 Suid Afrikaanse rosyntjie oes van 97 000 ton was ‘n rekord en Carpe Diem Raisins se inname volume het met 43% gegroei teenoor 2023 se volume as resultaat hiervan.

Kontant gegenereer uit operasionele bedrywighede beloop R107,9 miljoen vir die eerste 6 maande geëindig 31 Augustus 2024. Benewens die kontant uit bedrywighede voortgebring het die bankoortrekking vermeerder van R7,2 miljoen op 29 Februarie 2024 na R 61,9 miljoen op 31 Augustus 2024. Die toename is as gevolg van verhoging in die netto bedryfskapitaal met R110,1 miljoen, hoofsaaklik as gevolg van krediteure wat met R183,6m verminder, terwyl voorraad met R24,3 miljoen en handelsdebiteure met R49,1 miljoen gedaal het en addisionele kapitaal spandeer teen bedrae R48,1 miljoen om verouderde bates te vervang. Die vervanging gaan voortduur in die volgende 3 jaar.

DIREKTEURE / DIRECTORS :
JS Marais (Voorsitter/Chairman), F Strydom (Vise-Voorsitter/Vice-Chairman), D Bester, C du Plessis (Besturend/Managing), CR Klingenberg, VJ Klein, JPT Koen (Finansiële/Financial), AR Kotzé, JDM Minnaar, GC Olivier

Maatskappysekretaris/Company Secretary: G Marquard.

VOORUITSIGTE

As gevolg van ‘n baie swak Turkse rosyntjie oes, is die verwagting dat die goeie vraag na Suid Afrikaanse rosyne sal voortduur vir die tweede helfte van die jaar. Die verkope van laer graad Dorper velle bly egter onder druk en sal die finansiële prestasie van SA Dorper negatief beïnvloed. Met die bogenoemde veranderlikes inaggenome, sal daar waarskynlik ‘n verbetering op die vorige jaar se resultaat wees.

Met volmag van die Direksie op 8 Oktober 2024.

DIREKTEURE: JS Marais (Voorsitter), F Strydom (Vise-voorsitter), D Bester, VJ Klein, AR Kotzé, CR Klingenberg, JDM Minnaar, GC Olivier, C du Plessis (Besturende Direkteur), JPT Koen (Finansiële Direkteur.

Maatskappysekretaris: G Marquard

GEREGISTREERDE KANTOOR:
Karakoelstraat 14, Upington 8801
Posadres: Posbus 86, Upington 8800
Telefoon: 054 337 6200
Webwerf: www.klk.co.za

KLK Landbou Beperk
(Registrasienommer 1997/015589/06)
Ongeouditeerde resultate vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2024

Gekonsolideerde Staat van Finansiële Posisie

	Ongeouditeerde 31 Augustus 2024 R'm	Ongeouditeerde 31 Augustus 2023 R'm	Geouditeerde 29 Februarie 2024 R'm
Bates			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	480.9	405.6	444.9
Reg op gebruik van bates	2.2	2.0	4.6
Beleggingseiendom	1.1	1.1	1.1
Klandisiewaarde	32.0	32.0	32.0
	516.2	**440.7**	**482.6**
Bedryfsbates			
Bates geklassifiseer as gehou vir verkoop	-	1.6	-
Voorraad	422.7	403.2	447.1
Handels- en ander debiteure	202.5	237.5	243.3
Bedryfs belasting bate		-	6.5
Kontant en kontantekwivalente	4.4	35.4	23.9
	629.6	**677.7**	**720.8**
Totale bates	**1,145.8**	**1,118.4**	**1,203.4**
Ekwiteit en aanspreeklikhede			
Ekwiteit			
Aandelekapitaal	16.1	16.1	16.1
Ander reserves	(29.5)	-	(29.5)
Verdeelbare reserwes	785.6	659.6	714.5
	772.2	**675.7**	**701.1**
Buiteaandeelhouersbelang	76.5	63.6	72.2
	848.6	**739.3**	**773.3**
Nie-bedryfslaste			
Uitgestelde belasting	33.2	31.4	28.4
Langtermynlenings	25.6	26.2	26.1
Huurverpligting: Reg op gebruik van bates	3.7	1.0	3.2
Uitgestelde staatsubsidie	8.7	10.5	9.4
	71.1	**69.1**	**67.1**
Bedryfslaste			
Bankoortrekkings	66.3	133.4	31.1
Korttermyngedeelte van langtermynlenings	1.1	5.4	3.1
Korttermyngedeelte van Huurverpligting: reg op gebruik van bates	1.9	1.6	1.9
Korttermyngedeelte van uitgestelde staatsubsidie	1.9	2.3	2.3
Bedryfs belasting las		-	4.2
Handels- en ander krediteure	154.9	167.3	320.4
	226.0	**310.0**	**363.0**
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede	**1,145.8**	**1,118.4**	**1,203.4**

KLK Landbou Beperk
(Registrasienommer 1997/015589/06)
Ongeouditeerde resultate vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2024

Gekonsolideerde Staat van Omvattende Inkomste

	Ongeouditeerde 31 Augustus 2024 R'm	Herstateerd[1] Ongeouditeerde 31 Augustus 2023 R'm	Geouditeerde 29 Februarie 2024 R'm
Verkope	1,761.1	1,525.6	3,031.9
Koste van verkope	(1,470.7)	(1,304.8)	(2,605.0)
Bruto wins	**290.4**	**220.8**	**426.9**
Ander inkomste	24.1	20.6	57.4
Uitgawes	(206.9)	(163.3)	(359.5)
Voorsiening vir verwagte krediet verlies	(1.4)	(16.8)	(20.4)
Bedryfswins	**106.2**	**61.3**	**104.4**
Beleggingsinkomste	1.6	2.1	5.3
Finansieringskoste	(6.1)	(8.0)	(8.1)
Wins voor belasting	**101.7**	**55.4**	**101.6**
Inkomstebelasting	(26.4)	(13.8)	(26.0)
Wins na belasting	**75.3**	**41.6**	**75.6**
Ander omvattende inkomste	-	-	-
Totale omvattende inkomste	**75.3**	**41.6**	**75.6**
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:			
Eienaars van die houermaatskappy	71.1	35.2	60.6
Buiteaandeelhouersbelang	4.3	6.4	15.0
	75.3	**41.6**	**75.6**

Nota:
1. Augustus 2023 is herstateer om die koste van verkope en uitgawes allokeer soos per die statutêre state te reflekteer.

KLK Landbou Beperk
(Registrasienommer 1997/015589/06)
Ongeouditeerde resultate vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2024

Gekonsolideerde Staat van verandering in Ekwiteit

	Ander reserwes R'm	Aandele-kapitaal R'm	Reserwes R'm	Totaal R'm	Buite aandeel-houersbelang	Totale Ekwiteit R'm
Saldo op 1 Maart 2023	**(19.7)**	**16.1**	**653.9**	**650.3**	**122.4**	**772.7**
Totale omvattende inkomste vir die jaar	-	-	35.2	35.2	6.4	41.6
Verandering in belang van filiale	(9.8)	-	-	(9.8)	(65.2)	(75.0)
Saldo op 31 Augustus 2023	**(29.5)**	**16.1**	**689.1**	**675.7**	**63.6**	**739.3**
Totale omvattende inkomste vir die jaar	-	-	25.4	25.4	8.6	34.0
Saldo op 29 Februarie 2024	**(29.5)**	**16.1**	**714.5**	**701.1**	**72.2**	**773.3**
Totale omvattende inkomste vir die jaar	-	-	71.1	71.1	4.3	75.3
Saldo op 31 Augustus 2024	**(29.5)**	**16.1**	**785.6**	**772.2**	**76.5**	**848.6**

KLK Landbou Beperk
(Registrasienommer 1997/015589/06)
Ongeouditeerde resultate vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2024

Gekonsolideerde Staat van Kontantvloei

	Ongeouditeerde 31 Augustus 2024 R'm	Ongeouditeerde 31 Augustus 2023 R'm	Geouditeerde 29 Februarie 2024 R'm
Kontant uit bedryfsaktiwiteite			
Kontant gegenereer deur bedrywighede	18.8	57.8	202.0
Beleggingsinkomste	1.6	2.1	5.3
Finansieringskoste	(6.1)	(8.0)	(8.1)
Belasting betaal	(18.2)	(17.7)	(27.6)
Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite	**(3.9)**	**34.2**	**171.6**
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite			
Verkryging van eiendom, aanleg en toerusting	(48.0)	(62.6)	(85.5)
Verkryging en verhoging van belang in filiale	-	(75.0)	(75.0)
Verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	0.2	18.2	26.1
Netto kontant uit beleggingsaktiwiteite	**(47.8)**	**(119.4)**	**(134.4)**
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite			
Staatsubsidie ontvang	-	-	-
Verkryging (terugbetaling) van langtermynlenings	(2.6)	26.8	(4.8)
Betaling van huurverpligting	(0.5)	(2.3)	(2.3)
Dividende betaal	-	-	-
Netto kontant uit finansieringsaktiwiteite	**(3.0)**	**24.5**	**(7.1)**
Totale toename (afname) in kontant en kontantekwivalente vir die jaar	**(54.7)**	**(60.7)**	**30.1**
Kontant en kontantekwivalente op hande aan die begin van jaar	(7.2)	(37.3)	(37.3)
Kontant en kontantekwivalente op hande aan die einde van jaar	**(61.9)**	**(98.0)**	**(7.2)**

KLK Landbou Beperk
(Registrasienommer 1997/015589/06)
Ongeouditeerde resultate vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2024

Wesensverdienste

	Ongeouditeerde 31 Augustus 2024 R'm	Ongeouditeerde 31 Augustus 2023 R'm	Geouditeerde 29 Februarie 2024 R'm
Toeskryfbare wins	71.1	35.2	60.6
(Wins)/Verlies met verkoop van bates	-	(11.0)	(18.0)
Billikewaarde-aansuiwerings	-	-	1.8
Wesensverdienste vir die tydperk	**71.1**	**24.2**	**39.3**

Finansiële Hoogtepunte en Statistiek

		Ongeouditeerde 31 Augustus 2024	Ongeouditeerd 31 Augustus 2023	Geouditeerde 29 Februarie 2024
Aantal gewone aandele uitgereik	'000	17,128	17,128	17,128
Geweegde gemiddelde aantal gewone aandele uitgereik	'000	17,128	17,128	17,128
Basiese verdienste per aandeel	(sent)	415.0	205.5	353.6
Wesensverdienste per aandeel	(sent)	415.0	141.3	259.0
Netto batewaarde per aandeel	(sent)	4,508.4	3,945.1	4,082.1